

Inleiding:

1.

Elke ouer wat vanoggend hier sit sal met my saamstem. **Ons kinders is die heel belangrikste aspek van ons lewe.**

- Jy kan nie jou lewe sonder hulle verbeel nie. Ouerskap het elke faset van my en my vrou se lewe getransformeer – verander. Ek kan byvoorbeeld nie eers meer onthou hoe dit voel om deur te slaap nie.
- Vir die gawe, die kind, sal jy alles doen, alles waag, alles op te spel sit.
- Ons is bereid om ons energie, ons tyd, ons geld, selfs ons lewe vir ons kinders te gee omdat die kind in 'n sekere mate 'n verlengstuk van ons self is.
- Daarom, wanneer jy miskien 'n kind sou verloor, dit die grootste hartseer inhou. Jou wêreld eindig met die verlies van 'n kind.

Gemeente, ongelukkig het dit in die tyd van die Bybel nie so gewerk nie.

Waar kinders baie keer die belangrikste aspek van ons lewe is, **was kinders in die tyd van die Bybel slegs belangrik omdat hulle die gesin, die familie, die gesin iets kan bied.**

Wat bedoel ek indien ek dit sê?

- Seuntjies het waarde gehad omdat hulle as **erfgenaam** gedien het.
- Kinders het waarde gehad omdat hulle as **arbeid** gedien het – kinders het van vroeg op die lande gewerk en die kuddes opgepas.
- Kinders was gesien in 'n **sosio-politieke** konteks. Hoe meer daar in die familie was hoe sterker was hul posisie in die wyer gemeenskap.
- Ongelukkig het **dogtertjies baie keer die swaarste onder die wêreldbeskouing getrek.** **Huwelike** is so vinnig as moontlik gereël vir dogtertjies en op die wyse is daar ekonomiese en sosiale verbintenisse tussen verskillende gesinne gesmee.

Miskien vriende, en ek glo dat dit hier en daar die geval, was kinders in hul eie reg belangrik – dit wil se as 'n individu. Maar oor die algemeen was kinders slegs 'n middel tot 'n doel.

- Hulle **emosies**, dit wat hulle voel en ervaar was onbelangrik.
- **Wie hulle as mens was, hul identiteit**, was irrelevant.
- Hulle **belange, hul stokperdjies, hul drome** was slegs bysake.
- Hulle het **slegs waarde gehad solank hulle 'n bydra** kon lewer.

Miskien dink julle dit is verregaande? Kon dit werklik so erg wees?

Wel, vriende, navorsing vertel vir ons dat **slegs 1 uit 5 kinders volwassenheid bereik het**. Dit is die geval omdat kinders gewoonlik die eerste gely het, en baie selde beskerm is, teen 'n ongenaakbare wêreld. Net so terloops – een van die ons kerkvaders vertel dat die vroeë kerk so vinnig gegroei het omdat die eerste Christene onder anders **nie hulle kinders op die ashoep weggegooi** het nie.

2.

Natuurlik verskil dit hemelsbreed van die wyse waarop ons kinders hanteer en beskou.

Of doen dit?

Alhoewel ons sê dat kinders vir ons belangrik is bewys ons optrede soms die teendeel!

- Baie ouers sal sê *“kinders mag gesien word, maar nie gehoor word nie”*.
- Ander sal weer hulle **kinders deur ander mense laat groot maak**.
- Dit gebeur meer en meer dat ons **eerder die televisie vir ons kinders sal aansit as om werklik te luister hoe hulle dag is**.

So is daar baie voorbeelde waar ons die **indruk skep dat ons kinders nie vir ons belangrik is nie**.

Of ons dit nou so bedoel of nie is irrelevant. Wat daai kind hoor is dit: *“wat ek te sê het, wat ek voel, wie ek is, is vir my ouers onbelangrik.”*

So gebeur dit dat ouers, sonder dat hulle dit besef, **kinders grootmaak wat onbelangrik en selfs deurskynend, onsigbaar voel.**

Ons maak kinders groot wat glo dat hulle **emosies, hulle denke, hulle belange, hulle drome, hulle lewe onbelangrik is.**

Die einste kinders word volwassenes. Indien jy met die **boodskap onbewustelik groot geword het, glo jy ook eendag, as volwasse, dat jy nie waarde het nie, en dat jy geen bydra kan lewer nie.**

Dalk dink u vanoggend: *Gelukkig voel ek nie so nie.* Ek kan u egter verseker dat daar baie mense onder u is wat onsigbaar voel, wat voel dat hulle per implikasie niks het om vir die wêreld te bied nie.

Baie van ons mense dink so: *Ek is onbelangrik, en daarom is my bydra onbelangrik. Ek kan niks gee of doen nie, want ek is as mens onbelangrik, onsigbaar vir ander.*

3.

Jesus hanteer mense egter geheel en anders. Vir Jesus is mense, en veral kinders, nie net 'n middel tot 'n doel nie. Mense is vir Jesus die enigste doel – elke persoon, kinders ingesluit – is vir Jesus van onskatbare waarde. Omdat mense vir Jesus belangrik is, is dit wat hulle gee, wat hulle kan bydra, per implikasie belangrik.

Die manier van dink, die wyse waarop Jesus kinders hanteer word vir ons op 'n paar plekke in die Bybel opgeteken. Een van die bekendste gedeeltes wat Jesus se houding teenoor kinders ten toon stel is sekerlik **Johannes 6:1-15**. Kom ons lees die teksgedeelte saam.

Skriflesing:

Joannes 6: 1-15

Prediking:

4.

Gemeente.

Johannes se **weergawe van die vermeerdering van die brood en die vis is interessant omdat in twee opsigte van die ander evangelies se weergawes van die wonderwerk verskil.**

In die **eerste plek** sien ons dat die dissipels die brood en die vis aan die skare in die ander evangelies uitdeel. Tog, in die weergawe wat ons vandag gelees het neem Jesus self die brood nadat Hy dit breek en aan die skare uitdeel. Die eksegete is dit eens dat die breek van die brood direk na die **Nagmaal** verwys wat Jesus later sou instel.

Die **tweede manier** waarin die vertelling verskil van die ander evangelies se weergawe is redelik voor die hand liggend. In die ander evangelies kom die brood en die vis uit die geledere van die dissipels. **In vandag se teksgedeelte sien ons baie duidelik dat 'n seuntjie na vore tree en sy 5 broodjies en 2 vissies aan Jesus gee.**

Duidelik kan ons sien dat hier in die **Johannes vertelling 'n fokusverskuiwing is.** Die skrywer wil aan sy gehoor (die mense aan wie hy geskryf het), maar ook aan ons iets baie spesifiek sê aangaande Jesus se houding teenoor mense in die algemeen, en dan spesifiek ook ten opsigte van kinders.

5.

Wat wil Johannes vir ons sê? Wat wil Johannes vir ons sê aangaande Jesus se houding teenoor kinders?

- In 'n samelewing waar **slegs volwassenes en veral mans rêrig waarde het, is almal, en so ook kinders vir Jesus belangrik.**
 - Dink maar net aan hoe Jesus die armes,
 - die verlamdes,
 - die siekes,

- die sondaars,
- en selfs die vroue hanteer het.
- In 'n **patriargale samelewing, waar slegs mans waarde het, is almal, vroue en kinders deel van God se huisgesin – Sy koninkryk hier op aarde.**
- Waar slegs mans gewoonlik **mag volg, dissipels kan wees, kan luister na 'n leermeester, kan selfs 'n kind Jesus nader,** na Hom luister, sy dissipel wees.
- Waar slegs **volwassenes 'n bydra tot die samelewing kan lewer, vertel die teks ons dat selfs 'n kind vorentoe kan tree en iets kan gee.** Selfs 'n kind kan na vore tree en sy 2 vissies en 5 broodjies aan Jesus skenk – Jesus neem die 2 vissies en die 5 broodjies en Hy maak dit iets meer.

Ons kan dit bietjie anders verwoord.

- Die kindjie waarvan ons hier lees was **sekerlik sieklik en ondervoed.**
- Dalk het hy al een of **beide ouers verloor.**
- **Dalk het hy al broers en susters aan die dood afgestaan – ons weet nie.**
- Sy lewe was sekerlik gekenmerk deur **liefdeloosheid, selfs geweld.**
- Hy het tien teen een **onbelangrik, ongeliefd, onsigbaar gevoel.**
- Dalk het hy homself afgevra: *Wat kan ek bied, wat kan ek, ek is tog niks en niemand.*

Wat ons wel weet: **in 'n wêreld waar broodnood 'n daaglikse realiteit is, is hy bereid om sy laaste vissies, sy laaste broodjies aan Jesus te skenk**

Waar ander hom nie raaksien nie, maak Jesus die kind die middelpunt van die gesprek. Nog meer, Jesus neem die kindjie se broodjies, sy vissies en maak dit iets meer. Deur 'n wonder te verrig omskep Jesus die kind se nietige bydra in iets van duisende voed.

Vir Jesus is die kind belangrik. Vir Jesus, is dit wat hy kan gee van waarde. Jesus neem dit en omskep dit in soveel meer.

Kom ons maak die teksgedeelte op ons van toepassing.

Dalk het u opgelet dat die kindjie se naam nie in die teksgedeelte genoem is nie. Ons weet nie wie sy ouers is, of selfs wie hy is nie. Net dalk is dit aspris gedoen?

Die teksgedeelte **nooi ons uit om ons eie naam daar te gaan inskryf?** Kom ons skryf bietjie vanoggend ons eie naam daar in Johannes 6 in.

Wat sê die teks vir jou en hoe verander dit jou wêreld?

- Al voel jy vanoggend **onbelangrik, onsigbaar jy is belangrik vir Jesus** – hy wys jou nie weg omdat jy worstel met jou identiteit nie.
- Al voel jy **klein, jonk, al is jy nog 'n kind** – jy is belangrik vir Jesus. Hy wys jou nie weg aan die hand van jou ouderdom nie.
- Al voel jy vanoggend **oud en dat jy nie meer nut het nie** – jy is vir Jesus belangrik. Hy wys jou nie weg omdat jy al afgetree is nie.
- Voel jy vandag soos 'n **sondaar, 'n bedrieër, 'n leuenaar** – jy is belangrik vir Jesus. Hy het reeds jou sonde skoongevee.

En omdat jy, soos daardie seuntjie, 2000 jaar gelede, **belangrik vir Jesus is, is jou bydra, dit wat jy kan gee belangrik vir God. Jou 5 broodjies, jou 2 vissie is belangrik vir die Here.** Al dink jy dat jy niks kan gee nie, dat jy nie 'n bydra kan lewer nie, dat jy nie 'n verskil kan maak nie, moet ons vandag besef dat Jesus selfs die kleinste bydra omskep in soveel meer.

Jy kan maar jou broodjies, jou vissies vir Jesus gee.

Ek wil dit prakties vir ons verduidelik en dit veral op ons kinders van toepassing maak. Ons lewe in tyd waar **kinder ongelooflik baie afgeknou word.** Ons kinder word nie net meer **fisies geboelie nie, maar ook op sosiale media.** Mens hoor af en toe dat kinders selfs hulle eie lewe neem as gevolg van teistering. Elke kind, asook volwasse sien dit weekliks afspeel. Sien ons dit gebeur dink ons gewoonlik: *ek kan nie help nie, my hulp, my bydra, my 5 broodjies en 2 vissies*

gaan nie 'n verskil maak nie. Dit is waar ons dit fout maak. **Soos in die geval van die vermeerdering van die brood neem Jesus ons klein nietige bydra en maak Hy dit soveel meer – in iets wat ons nie eers sou kon verbeel nie.**

Dus, daardie woorde van bemoediging, daardie drukkie, daardie vriendskap of bystand, voel dalk vir jou soos niks nie. **Maar Jesus maak dit soveel meer. Vir daardie persoon wat op die wyse geteister word beteken dit net miskien die wêreld.**

7.

Hoekom gemeente? **Hoekom kan ons maar nie net een van die skare bly nie? Hoekom moet ons vorentoe tree en ons bydra bied?** Hoekom moet ons met Jesus se houding teenoor kinders, swakkes, oues, randfigure leef?

Want gemeente. Jesus het na vore **getree toe die wêreld 'n redder nodig gehad het.** Hy het sy lewe namens jou en my opgeoffer, **iets wat oënskynlik van geen waarde is nie.** Kan die dood van Jesus enigsins van waarde wees? En net hier maak ons 'n reuse fout. **God neem die dood van Jesus, die geskenk wat Hy gee, en maak dit soveel meer in Sy opstanding. Op die wyse voed God die wêreld.**

Omdat Jesus na vore tree en gee, kan ons nie anders as om ons hand op te steek en ons gawes met die wêreld te deel nie.

Amen